

VAK: AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL		GRAAD: 12		LESPLAN 1		KWARTAAL 4		TYD: 2 WEKE			
<b>KERNINHOUD:</b> EKSAMENVOORBEREIDING en HERSIENINGSOEFENINGE											
<b>LEERUITKOMS 1: Luister en Praat</b>  Die leerder is in staat om <u>te luister</u> en <u>te praat</u> vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.			<b>LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk</b>  Die leerder is in staat om <u>te lees</u> en <u>te kyk</u> vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.			<b>LEERUITKOMS 3: Skryf en aanbied</b>  Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe <u>te skryf</u> en <u>aan te bied</u> deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.			<b>LEERUITKOMS 4: Taal</b>  Die leerder is in staat om <u>taalstrukture</u> en <u>–konvensies</u> gepas en doeltreffend te gebruik.		
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes		Toon verskeie lees-en kykstrategieë vir begrip en waardering		Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks		Identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n verskeidenheid tekste					
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot aan te bied		Verduidelik die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, audio- en audiovisuele tekste		Toon die gebruik van skryfstrategieë en –tegnieke vir eerste weergawes		Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel					
Toon vaardighede in die luister na en lewer van vloeiende mondelinge aanbiedings		Verduidelik hoe taal en beelde in tekste waardes en houdings kan weerspieël en vorm		Dink na, met inagneming van ander se sienings, oor eie werk en bied die finale produk aan		Ontwikkel kritiese taalbewustheid					
Toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies		Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word									
<b>ONDERRIGAKTIWITEITE</b>			<b>LEERDERAKTIWITEITE</b>			<b>BRONNE</b>			<b>ASSESSERING</b>		
<b>EKSAMENVOORBEREIDING om 'n <u>BEGRIPSTOETS</u> te beantwoord. Vestig leerders se aandag opnuut op die volgende belangrike wenke:</b>						Gebruik die <u>vraestel</u> van die voorbereidende eksamen om HERSIENING te doen. WERK DEUR DIE HELE VRAESTEL!  Doen soveel as moontlik ekstra hersieningsoefeninge.					
1. Vluglees die teks – stel vas waarom dit handel.											
2. Lees die teks 'n tweede keer deur.											
3. Lees deur AL die vrae.											
4. Lees die teks 'n derde keer deur en soek na spesifieke inligting wat op die vrae betrekking het (m.a.w. moontlike antwoorde).											
5. Lees die teks met aandag deur en begin om die vrae te beantwoord.											
6. Maak seker jy het die nommers van die vrae reg!											
								<b>Datum afgehandel</b>			

7. Hou jou antwoorde so kort/bondig as moontlik. Moenie onnodige lang, omslagtige antwoorde skryf nie!			
8. Maak seker jy gebruik jou eie woorde as die vraag so vra.			
9. As die vraag lui dat jy net EEN woord moet gee, moet jy net EEN woord gee. As die vraag lui dat jy TWEE dinge moet noem, moet jy TWEE dinge noem.			
10. By waar/vals of ja/nee-vrae, moet jou motivering by jou antwoord pas.			
11. Wees voorbereid om verskillende <b>tipes tekste</b> in die vraestel te kry, bv. geskrewe teks, advertensies, visuele tekste, TV-programme, grafieke, ens. Oefen dit dus in.			
<b>EKSAMENVOORBEREIDING om <u>TAAL</u> te beantwoord. Vestig leerders se aandag opnuut op die volgende belangrike wenke:</b>			
1. Bestudeer verskillende <b>tipes tekste</b> waarop die taalvrae gebaseer kan wees, bv. advertensies, strokiesprente, spotprente, ens.			
2. Ken die <b>terminologie</b> van die TAAL. Maak seker jy weet wat die vraag van jou vra, bv. skryf 'n sin in die <b>ontkenning</b> of gee die <b>intensiewe vorm</b> van 'n woord.			
3. <b>Hersien alle taalaspekte:</b> woordsoorte, woordorde, leestekens, spelling, soorte sinne, tye, direkte/indirekte rede, lydende en bedrywende vorm, infinitief, afkortings, ens.			
4. Doen soveel as moontlik oefening in <b>opsommings</b> . Dit gaan om die belangrikste aspekte van 'n sekere teks. Gee aandag aan die taalgebruik en onthou om die aantal woorde aan te dui.			
<b>EKSAMENVOORBEREIDING om <u>VRAE OOR DIE VOORGESKREWE WERK (DIE KORTVERHALE)</u> te beantwoord. Vestig leerders se aandag opnuut op die volgende belangrike wenke:</b>			
1. Hersien die volgende <b>literêre aspekte</b> van al die kortverhale: <b>titel</b> (betekenis daarvan binne konteks van die verhaal); <b>karakters</b> (hulle rol in die verhaal – ook die verteller); <b>tema</b> (hoe sluit dit aan by die titel?); <b>verloop</b> (ook volgorde) van belangrikste <b>gebeure</b> in die verhaal; <b>stylfigure</b> , bv. personifikasie, vergelyking, metafoor, letterlike/figuurlike betekenis, ens.			
2. Tipes vrae, bv. veelkeusige vrae, Kolom A/B-vrae, invul, waar/onwaar en motiveer, verduidelik in EIE woorde, ens.			
3. Nommer die vrae korrek!			
<b>EKSAMENVOORBEREIDING om die <u>STELWERKVRAESTEL</u> te beantwoord. Vestig leerders se aandag opnuut op die volgende belangrike wenke:</b>			
1. Maak seker jou skryfstuk het 'n <b>titel/opskrif</b> .			
2. <b>Bly deurgaans by die onderwerp</b> waaroor jy skryf.			
3. Maak seker van die <b>lengte</b> van elke skryfstuk.			
4. Gebruik die korrekte <b>formaat</b> vir die spesifieke skryfstuk, bv. vir 'n dialoog,			

vriendskaplike brief, formele brief, wenke, kennisgewing, advertensie, ens.			
5. Onthou om by die skryfstukke in <b>Afdeling B</b> en <b>Afdeling C</b> genoeg te skryf om die <b>vereiste aantal woorde</b> te hê. By veral die kort transaksionele tekste moet die belangrike inligting altyd goed en duidelik geposisioneer word!			
<p><b><u>ALGEMEEN:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee altyd aandag aan <u>taal</u> en <u>spelling</u>.</li> <li>• Maak seker dat <u>antwoorde korrek genummer</u> is (volgens die vrae in die vraestel).</li> <li>• Maak seker jy <u>verstaan wat die vraag van jou vra!</u></li> <li>• <u>Volg die instruksies</u> in die vraestel.</li> <li>• <u>Werk altyd netjies.</u></li> </ul>			
<b>Tuiswerk:</b> As tyd dit toelaat, kan leerders hersieningsoefeninge as tuiswerk doen.			
<b>Verryking/Uitgebreide geleentheid:</b>			
<b>Nabetragting (na afloop van die les):</b>			

**HANDTEKENINGE:**

\_\_\_\_\_

**ONDERWYSER**

\_\_\_\_\_

**DATUM**

\_\_\_\_\_

**DH / LS**

\_\_\_\_\_

**DATUM**

